Tekste: Psalm 87: 1-8, 1983; Romeine 1: 7, 1953.
Fokus teks: Psalm 16: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 512: 1 – 3; Gesang 519: 1-2.

---

BEGRAFNISBRIEF:

Met hartseer neem ons afskeid van ons liefste mamma, ouma, oumagrootjie, sussie en vriendin op die ouderdom van 80 jaar.

GESKRYF DEUR LULU PIETERSE:

Ek glo God skep nie behae daarin om van enige mens se geliefdes van hulle weg te neem nie.

Hemelse Vader, ek dank U vir die lewe wat U vir my gegee het. Dat U my geseën het met my wonderlike ouers en hulle voorbeeld vir my, vir my sorgelose kinderjare en dat ek reeds as kind U sorg beleef het.

Dankie vir liefde in my lewe – die man in my lewe en U grootste gawe aan my: my twee kosbare kinders asook die liefde van my twee wonderlike skoonkinders.

Ek is dankbaar vir die liefde en voorreg van kleinkinders, ‘n agterkleinkind en dierbare vriendinne.

My lewe was soos ‘n kwilt gemaak van al my verskillende pragtige lappies! Daar was nogal swart en baie donker blokkies. Blokkies wat lyk soos storms, dorre grond. Selfs rooi druppels bloed. Goud en silwer strepies om die

donker te verlig en groen vrede velde waarin ek kon rus. Geel en oranje vreugde lappies en sagte pienk soos baba-soentjies.

Ja, 'n pragtige deel is waarlik vir my uitgemeet! U was van die begin af daar.

Psalm 16 Vers 9: Daarom is ek bly en juig ek en voel

VOTUM:

Luister tog na my, Here, verhoor my gebed, want ek is hulpeloos en arm.

Beskerm my, want ek is u troue dienaar,

red my, want U is my God, op U vertrou ek.

Wees my genadig, Here, ek roep die hele dag deur na U.

Maak my bly, Here, ek hunker na U.

U is goed, Here, U vergewe altyd weer,

U is getrou teenoor dié wat na U roep om hulp.

Daar is geen god soos U nie, Here, niks kan met u werk vergelyk word nie (Psalm 86: 1-8, 1983).

SEËN:

Tekste: Psalm 87: 1-8, 1983; Romeine 1: 7, 1953.
Fokus teks: Psalm 16: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 512: 1 – 3; Gesang 519: 1-2.

---

Aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus! (Romeine 1:7, 1953).

SANG: Gesang 512: 1 - 3

PREEK:

Tannie Lulu Pieterse was ‘n netjiese, mooi en vriendelike tannie. Sy was altyd gereed om haar deel in en vir die gemeente te doen. Met ons onlangse sop, wyn en kuier oggend het sy nog ‘n gesamentlike poging aangewend om ‘n pot “butternut” sop vir die geleentheid te kook. Ek was bevoorreg genoeg om persoonlik self daardie sop te kon skep en smul. Haar bydra tot die gemeente sal gemis word en haar plek hier links voor sal vir altyd leeg wees.

Getrou aan haar presiese aard het sy die inleidende woorde tot hierdie diens geskryf, versoeke aangeteken, liedere uitgekies en die teks vasgemaak.

Tekste: Psalm 87: 1-8, 1983; Romeine 1: 7, 1953.
Fokus teks: Psalm 16: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 512: 1 – 3; Gesang 519: 1-2.

---

SKRIFESING: Psalm 16: 1-11 met spesifieke verwysing na vers 5 en 6, 1993

1'n Gedig van Dawid.
Neem my in beskerming, o God; ek soek skuiling by U.
2Ek het vir die Here gesê: "Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe by U.
3Die afgode in die land, so aantreklik vir baie – met hulle wil ek niks te doen hê nie.
4Mag elkeen wat 'n ander god vereer, baie smart beleef. Vir afgode sal ek nie bloedoffers uitgiet nie, hulle name sal ek nie op my lippe neem nie."
5Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af.
6'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.
7Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het; selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer.
8Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.
9Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig.

10U gee my nie oor aan die dood nie. U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie.
11U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is.

Ek herhaal tannie Lulu se keuse van vers 5 & 6:
5Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af.
6'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.

PREEK:

Met ‘n besoek, by die Roseacres hospitaal, was tannie Lulu reeds baie siek. Sy het in die stoel langs haar bed gesit, kort van asem. Ons het daai dag ‘n hond uit ‘n bos gesels. Haar dankbaarheid vir alles in die lewe het my opgeval. Die woorde van Dawid in hierdie gekose Psalm kon net sowel deur haarself geskryf gewees het:
*Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.*

Tekste: Psalm 87: 1-8, 1983; Romeine 1: 7, 1953.
Fokus teks: Psalm 16: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 512: 1 – 3; Gesang 519: 1-2.

---

Ons kom vandag bymekaar om afskeid te neem van Lulu Pieterse, in haar kerk, haar geestelike tuiste van die laaste klompie jare. Natuurlik is ons harte vandag swaar, maar ons kom ook om te vier: om te vier dat sy deel was van ons lewens, en meer nog, om te vier dat sy deel is van God se ewige raadsplan.

Kom ons staan eers ’n oomblik stil by die Psalmsboek self. Die 150 gedigte en liedere vorm saam ’n gebedsboek, ’n lofboek, ’n klagboek vir gelowige volgelinge van God. Geskryf deur mense met wie die lewe gebeur het (goeie goed en slegte goed / lewe en dood).

Ons lees en leer hier van gelowiges wat oor jare heen hul diepste vreugdes en vrese met God gedeel het. Dit is gedigte wat eerlik praat oor lyding, oor hoop, oor geloof en oor twyfel.

Tekste: Psalm 87: 1-8, 1983; Romeine 1: 7, 1953.
Fokus teks: Psalm 16: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 512: 1 – 3; Gesang 519: 1-2.

---

Psalm 16 is een van die sogenaamde Miktaam-psalms. Psalms 56-60 staan ook bekend as Miktaam Psalms. Ons weet oor die jare nie baie mooi hoe om hierdie Hebreeuse woord te verklaar nie, maar Miktaam mag beteken dat die psalm, soos die Babiloniese psalms, in klei geskryf is. Dit verwys moontlik ook na ’n persoonlike gebed van toewyding en vertroue. Hierin verklaar Dawid byvoorbeeld sy geloof dat God hom veilig sal hou, selfs te midde van bedreigings.

Hierdie Psalm het die lewe en geloofsoortuigings van tannie Lulu goed beskryf, want in hierdie psalm sien ons hoe Dawid sy hele lewe aan God toevertrou.

In verse 5 en 6 kry ons die beeld van ’n erfdeel of grondbesit. In die Ou Testament het elke stam en geslag grond ontvang as erfenis, ’n sigbare teken van God se sorg en belofte. Maar vir Dawid – en vir Lulu – is dit nie net fisiese grond wat belangrik is nie. Hy sê: “Here, U is my deel en my beker.” God self is sy erfdeel. Sy grootste besitting is nie iets wat kan vergaan nie, maar Iemand wat

Tekste: Psalm 87: 1-8, 1983; Romeine 1: 7, 1953.
Fokus teks: Psalm 16: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 512: 1 – 3; Gesang 519: 1-2.

---

ewig is. Daarom is die grootste erfdeel wat ‘n mens vir jou nageslag kan nalaat nie iets nie, maar iemand: God!

Geen mens se lewe is net maklik en voorspoedig nie. Soms is daar dae van fisieke soms is daar dae van emosionele pyn, soms dae van bekommernis oor almal en nog wat, maar deur dit alles kan ons vashou aan hierdie geloof. Dit beteken dat God self ons grootste rykdom is. Tannie Lulu se erfenis aan ons almal is mooi, nie omdat sy ’n lewe sonder swaarkry gehad het nie, maar omdat sy stewig geanker was in God se liefde en sorg.

In die 1953 vertaling word daar verwys na die “meetsnoere”, dit is ‘n maatlyn wat deur die landmeters van daardie tyd gebruik is om grond af te meet. Dawid sê: “Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval.” Wat beteken dit? Dit beteken: my lot in die lewe – hoe dit ook al lyk van buite af – is mooi, want God is daarin teenwoordig.

Tekste: Psalm 87: 1-8, 1983; Romeine 1: 7, 1953.
Fokus teks: Psalm 16: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 512: 1 – 3; Gesang 519: 1-2.

---

Dit was tannie Lulu se ervaring van haar eie lewe. Sy kon dus met vrymoedigheid saam met Dawid, sê: Die meetsnoer het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi (1953) of dan nou soos die 1983 vertaling dit sê: ‘n pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.

Geliefdes, ons neem vandag afskeid, maar ons doen dit met hoop. Want soos die van koning Dawid, was tannie Lulu se deel en beker goed.

Mag ek en jy, soos tannie Lulu, met geloof sê:
*Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.*

Amen.

GEBED:
Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

SANG: Gesang 519: 1-2

BEDANKINGS: Jan Pieterse (seun)

BEGRAFNISFORMULE:
Met die afsterwe van tannie Lulu Pieterse raak ons weer opnuut bewus dat ons aardse lewe ophou (Jes 40:6, 8; 1 Pet 1:24).
Nogtans bly ons hoop op God gevestig, wat aan ons die lewe in Christus gee.
Christus is ons hoop.

Tekste: Psalm 87: 1-8, 1983; Romeine 1: 7, 1953.
Fokus teks: Psalm 16: 1-8, 1983
Liedere: Gesang 512: 1 – 3; Gesang 519: 1-2.

---

Hy het vir ons gesterwe en vir ons opgestaan.

Saam met Hom oorwin ons die dood.

Daarom glo ons dat elkeen wat in Christus sterwe, ook saam met Christus sal lewe (Joh. 5:24; 1 Joh 5:13).

In hierdie geloof en vertroue neem ons afskeid van Liewe tannie Lulu Pieterse.

Amen

WEGSENDING (Seëngroet):

Die Here sal ons seën en ons beskerm; die Here sal tot ons redding verskyn en ons genadig wees; die Here sal ons gebede verhoor en aan ons vrede gee (Äronitiese seën, Numeri 6: 24-26).